

5 Maart

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8  
HK, Vraag 64

### Wanneer die skaalbak gunstig vir ons swaai

Die indruk kan nou bestaan dat as 'n mens niks goeds uit jousef kan doen om gered te word nie en alles maar net genade is, gaan dit mos roekelose en onverskillige mense van ons maak! Dit is maklik om dan te reken: Laat ons sonde doen, ons lewe geniet! Ons kan maar net eendag op Christus se betaling aanspraak maak – alles is reg en afgehandel.

Nee, die ware gelowige dink anders hieroor. Dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie. Waar Jesus Christus met onbegryplike liefde vir ons ingestaan het, kan ons nie anders as om God met dieselfde antwoord terug lief te hê nie. Kyk net met watter dankbare optrede jou kind reageer wanneer jy jou liefde op 'n spesifieke wyse aan hom gewys het. Soos 'n boom sy lewensap uit die aarde trek, so leef die takke en lote uit dieselfde bron. 'n Tak sit nie maar net daar as deel van die boom nie, maar dit dra ook vrug soos wat van hom verwag word.

Ons kan en mag nie onverskillig omgaan met ons redding in Christus nie. Wanneer die geloof in ons bot sal ons vrug dra. Hoe lyk die mandjie wat die Here langs u lewe kom neersit het vir hierdie seisoen? Vul dit met u liefde vir die goeie, 'n heilige begeerte na 'n lewe saam met God? Saam word ons mandjies 'n vraag van dankbaarheid vir al God se genade.

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~